**Wes-Kaap Onderwysdepartement**
**Western Cape Education Department**
**iSebe leMfundo leNtshona Koloni**

**Navrae / Enquiries / iMibuzo**: N.A. DANIELS
**Verwysing / Reference / Ubhekiso**: S4/2/2/2
**Telefoon / Telephone / iMfonomfono**: 403-6911

AAN ALLE:

HOOFDE VAN OPVOEDKUNDIGE INRIGTINGS, STREEK- AREA-KANTORE, HOOFDIREKTEURE, DIREKTEURE TE HOOFKANTOOR EN KRINGBESTUURDERS

**Kantoor van die / Office of the / i-Offisi ye**: Onderwyshoof
**Privaatsak / Private Bag**: 9114
**Dorp/Stad / Town/City / iDolophi/iSixeko**: KAAPSTAD
**Poskode/Postal Code / iKhodi lePosi**: 8000
**Faks / Fax**: 419-5967
**Datum/Date / Umhla**: 23 Januarie 1997

OMSENDBRIEF 0007/1997

TUSSENTYDSE VULLING VAN VAKANTE POSTE : NIE KS-OPVOEDERS/ STAATSDIENSPERSONEEL

Die WKOD waardeer dat daar by sommige onderwysinrigtings vakatures ontstaan het weens, onder andere, die uitdiensstelling van personeel-lede met vrywillige skeidingspakkette.

Daar is gevolglik besluit om, as 'n tussentydse maatreël, oorweging te skenk aan die vulling van kritiese vakatures op 'n tydelike grondslag vir 'n geslote tydperk en sonder dat die aangestelde persone enige regte tot 'n permanente aanstelling verwerf. Vir dié doel sal hoofde van onderwysinrigtings volledig gemotiveerde skriftelike vertoë moet indien. Sodanige vertoë moet gemerk word vir die aandag van mnr. W.T. Wilkinson of mev. N. Ahmed (Direktoraat : Personeelbestuur).

Die WKOD is tans besig met die daarstelling van personeelvoorsiening-skale vir alle onderwysinrigtings en aansoeke om die skepping van addisionele of nuwe poste sal slegs oorweeg kan word wanneer die personeelvoorsieningskale in plek is.

U heelhartige samewerking sal waardeer word.

HOOF : ONDERWYS